**8 Junie**

**Skrifgedeelte: Joël 2:18 – 3:21 (NAV)**
**Fokusgedeelte: Joël 2:28, 29**

## God laat sien sy toekoms

Alles wat vandag in die wêreld gebeur ... voorspel dit nie dalk 'n donker toekoms nie? In Joël 1 lyk dit of hierdie voorspelling waar word. Maar ons mag deur God se venster na die toekoms kyk. Wie gelowig deur hierdie venster kyk, sien God. Dit is Hy wat vir sy land opkom, wat medelye met sy volk betoon (2:18). Die ou vertaling sê: Hy verskoon sy volk.

'n Mens vra verskoning as jy nie langer kan bly of kan help nie. Israel kan nie sy verwoesting deur sy eie sonde omkeer nie. God verskoon hulle. Hy verskoon die mens wat deur sonde alles tot niet maak. Hy Self sal bevry en alles nuut maak.

Wanneer? Wanneer alles wat God in sy raad besluit, gebeur het (2:28). Israel het dit verstaan as die Messiaanse tyd. Baie van hulle het deur die venster gekyk en niks gesien nie. Die venster is God se Woord. In die venster sien ons God se genade en liefde, omdat ons Christus mag sien.

Christus Self het gesê dat dit in die wêreld donker gaan word. In Matteus 24 word vertel van oorloë, opstand, siektes en groot beproewing. Maar die Woord sê meer: "In daardie dae sal ek my Gees uitgiet op alle mense" (2:28). Deur die Gees profeteer die mense. Dit is geen bygelowige toekomsvoorspellings nie, maar verkondiging van die Woord – nie net deur dominees nie, maar oud en jonk, mans en vroue, aansienlikes en vales. Almal preek Jesus.

Hiervoor sal die Here vir ons genoegsaam koring, wyn en olie gee, asook rykdom op die lande, weiding vir die vee, vrugte aan die bome en reën op die regte tye. Solank ons dink dat ons self moet sorg vir hier en nou, moet ons oppas vir die sprinkane.

Laat ons erns maak met die roeping tot verkondiging. Dan is God se toekoms miskien ver, maar nou reeds mooi.

*Sing: Skrifberyming 14:1, 2*

*Ds. CA Jansen (Secunda)*